Tema: "Prison break"

Skriflesing: Rom. 5: 1-5

Sake vir verdere oordenking na erediens

1. **Was die ontmoeting tussen God en jou vanoggend vir jou sinvol?**

2. **Is daar iets waartoe jy jou opnuut of vir die eerste keer wil verbind tov:**
   - **Jou persoonlike lewe?**
   - **Jou familie of vriende?**
   - **Dienswerk in Swartland Noord of in die breë Koninkryk?**

3. **Gaan deel dit met 'n persoon of persone**

Kerkraad waarheen?

Hiermee nooi ons u elkeen hartlik uit na 'n geleentheid waar die kerkraad se samestelling, funksie en roeping onder gesprek gaan wees. Dit word beplan vir 18 Junie om 18h30 in die Kelder by Swartland Noord.

Daar gaan oor die verteenwoordiging op die kerkraad, die bedieninge se funksies, dankofferinsameling en vele ander sake gesels word. Hierdie gesprek word in afhanklikheid van God aangepak en ons vra u elkeen se voorbidding en deelname met die oog op uitkomste waarin ons die Koninkryk nog beter kan dien.

Kennisgewing: Mei Teebeurt: (Dirk Lategan se omgeegroep)

Almal word hartlik uitgenooi om na afloop van die erediens 'n lekker koppie tee in die Kelder te kom geniet.

NED GEREF GEMEENTE SWARTLAND-NOORD

AFKONDIGINGS

WELKOM BY VANOGGEND SE EREDIENS!

26 MEI 2013

Tel nr: 022 482 1407 **e-pos: admin@ngksn.co.za**
webtuiste : www.ngswartlandnoord.co.za

NGK Swartland-Noord-Aktiwiteite/Projekte

Vul asb. die aangehegde groen vorm in, indien dit op jou hart lê om betrokke te raak by Gemeente aktiwiteite en Projekte.
Ingevulde vorms kan in die kartonhouers geplaas word in die kerk. Baie dankie!

Program van die week

Vandag
09:30 Erediens: Ds George Prinsloo
Deuroffer: Ramot (Spes)
Die doop word bedien aan baba Liela van Wyk, dogtertjie van Reinier en Bea van Wyk.
Baie geluk! Ons verwelkom ook graag hul familie en vriende wat hierdie spesiale dag met hulle deel!!
Kinderkerk en Kategese
18:30 Space (Tieners) Lofprysing in Kerk
18:30 Manneaand/DVD in Kelder

Dinsdag , 28 Mei 2013
Mansbybelstudie 06:30

Woensdag , 29 Mei 2013
Biduur ACVV Dienssentrum 09:30
Sendingondersteuners 16:00
Kooroefening 18:00
Emosioneel Volwasse Geloof Toerusting
19:00 in Kelder

Donderdag , 30 Mei 2013
JB Groep om 19:00 in Moedergemeente Kerksentrum

Vrydag , 31 Mei 2013
Gebedsvriendinne 09:00

Volgende Sondag , 2 Junie 2013
09:30 Doopdiens: Ds Jan Steyn
Deuroffer: Straatwerk (Spes)
Kinderkerk & Kategese
18:30 Viering/Terugvoer Omgeegroepe in Kelder
18:30 Space (Tieners)

Nuwe Intrekkers

Zirk, Milene, Imke, De Wet en Du Preez Erasmus, Bergzichtstraat 23 en Gert, Jean-Marie, Mia en JJ Claassen, Windheuwel.

Baie welkom!

Mag jul verblyf in Swartland-Noord baie geseënd wees!!

Raak betrokke by omgeegroepe en ander aksies!

ACVV hou hul jaarlikse Mini Basaar

op Vrydag,

31 Mei 2013 by die Moedergemeente

Sentrum vanaf 09:30

Dissipelskap- en Diensgeleenthede

Soek:
Klankman vir erediens
2 Kitaar spelers vir Begeleidingsgroep

Kinders met musiek talente vir die "Space" orkes.

Het jy geweet ...

Bybellees en kuier in Aandskemering

Daar is mense in die siekeboeë wat nie meer self kan lees of selfs mobiel genoeg is om die uitsending van dienste by te woon nie. Dit is ons voorreg om diegene te bedien deur hul in hul kamers te besoek, bloot 'n stukkie uit die Bybel te lees en saam met hulle te kuier. Nog vrywilligers word dringend benodig. Ons kom elke Sondagmiddag om 17:30 by Aandskemering se voorkamer bymekaar. Verdere navrae kontak Jacobus by 082 777 1262.

Diegene van u wat ekstra Bybels, Dagstukkieboeke of geestelike boeke het en dit wil skenk, kan dit by die kerkkantoor kom afgee.

Die doel daarvan is om dit vir dié wat nie het nie te skenk.

Warm winter projek

Kom ons maak hierdie winter 'n verskil in ons gemeenskap. Bring asseblief al jou ongebruikte klere en komberse saam kerk toe en ons as gemeentes gaan gee dit vir die behoeftiges in ons gemeenskap. Op die manier kan ons ook ons omgee harte vir ander wys wat dit baie nodig het.

MUSIKALE SOIRéE

Kom deel weer op Sondagmiddag ***02 Junie 2013*** *'n musikale verposing met ons dorp se plaaslike talent. Die musiekprogram sluit orrel, fluit, viool en 'n sang-ensemble in. Dit word aangebied by NG Gemeente Swartland om* ***16:30.*** *Toegang is gratis, maar ter stywing van die orrelfonds, sal daar 'n mandjie by die deur wees vir 'n sagte kollekte. Na afloop van die program is daar heerlike sop en broodjies beskikbaar teen 'n donasie.*

Hoop ons sien u daar!

Seniorbediening-voortaan bekend as KLUB 60

1. Ons speel weer **BINGO op Dinsdag, 4 Junie om 15:30 in die Kelder.**
2. **Donderdag, 13 Junie om 18:30 in die Saal:** Sop- en storieaand. Kom geniet 'n lekker ontspanne saamkuiergeleentheid met heerlike sop en tuisgebakte brood vir slegs R10 wat u sommer die aand kan betaal. Bring asb. die sjerrie (of ander drinkgoed) en glase saam. Bevestig asb. u teenwoordigheid by Sonette (022 482-1407) of Johanna (022 482-3651). **Almal** (nie net seniors nie) **is baie welkom.** Diegene wat die vrymoedigheid het om stories of grappe te vertel, kan so doen.

Gelukwense:

Baie geluk aan tannie Joey Barnard, Rheebokstraat 4, wat vandag verjaar en oom Elbert Eksteen, Millenniumsingel 4, wat die 31 ste verjaar en oom Tommy Joubert, Millenniumsingel 3, wat die 1ste Junie verjaar. Ons hoop dit is 'n geseënde dag en lewensjaar!

Kom ons doen voorbidding vir lidmate wat...

operasies ondergaan het:
Flippie Brandt, Burtonlaan 11
Louis Smit, Loubserstraat 4
Bertus Olivier, Heemraadstraat 8

treur oor geliefdes wat hulle verloor het:
Jacoline van der Merwe en familie, Pastorielaan 4, met die heengaan van haar moeder. Sterkte word julle toegebid!

ongesteld/gehospitaliseer is:
Steyn de Vos, Bergzichtstraat 29, vir sy pad van herstel vorentoe.

Manne aand vanaand, 26 Mei om 18:30 in die Kelder

Tema:
"Is jy mans genoeg om te vergewe"

Swartland Noord nooi jou uit om 'n manne aand by te woon. Tydens hierdie geleentheid sal 'n DVD vertoon word van die 2012 Daniëlkonferensie te Morelettapark, waar **Ds. Pieter Badenhorst, 'n persoonlike getuienis lewer nadat sy ma wreed vermoor is**.

Nooi gerus 'n maat saam!

Kontak Gielie du Toit by 083 775 2523 vir meer inligting.

Besoek asb. ons webtuiste by www.ngswartlandnoord.co.za en gaan kyk na ons pragtige foto's.

KENNISGEWING:

Kennisgewings vir afkondigings sluit op Donderdagoggend om 10:00

Belangrike Kontak Nommers
Ds George Prinsloo
Huis 482-3664
Kantoor 482-4600
(08:30 tot 12:30)
Sel / 083 447 6166
Ds Jan Steyn Huis 487-2763
Sel / 082 872 4314
Pastorale Berader:
Theresa van Vreden
083 310 3823